

# ANCHOR ALCHEMY IV

*Saccharomyces cerevisiae*

Gisversnit vir INTENSE VRUG AROMAS in rooiwyne.

**ANCHOR  
ALCHEMY IV**  
INTENSE VRUG AROMAS

Gisversnit vir intense vrug  
aromas in rooiwyne.

## OORSPRONG:

Alchemy IV is 'n wetenskaplik-geformuleerde versnit van verskillende wyngiste. Dit is ontwikkel in samewerking met die Australiese Wynnavorsingsinstituut (AWRI). Die gisversnit is geformuleer vir die produksie van die optimum aroma profiel.

## TOEPASSING:

Die Alchemy IV versnit is vir die produksie van intense rooi vrug karakters (kersie, framboos, rooi aalbessie en granaat) in wyne. Hierdie versnit produseer hoe konsentrasies etielesters, veral etiel heksanoaat (vrugtig), wat bydra tot die langlewendheid van die vrugtige aromas. Dit maak hierdie produk baie geskik vir rooiwyne bestem vir veroudering en die behoud van die intense rooi vrug karakters. Hierdie versnit produseer ook beduidende totale ester en monoterpeen (vrugtig en viooltjies) konsentrasies. Hierdie aroma profiel word verder verhoog deur  $\beta$ -demaskenoon (viooltjies) produksie en die afname in metokspirasiene (wat vrugtige karakters kan masker). Alchemy IV produseer wyne met beduidende aroma intensiteit, met goeie struktuur asook mondgevoel en is geskik vir alle rooi varieteite.

## FERMENTASIE EIENSKAPPE:

- Goeie fermenteerder
- Omsettingsfaktor: 0.57-0.62

## TEGNIËSE EIENSKAPPE:

Koue toleransie:	16°C
Optimum temperatuurreeks:	16 - 28°C
Osmotoleransie:	26°Balling
Alkohol toleransie by 15°C:	15.5%
Skuimproduksie:	nee

## METABOLIESE EIENSKAPPE:

Gliserol produksie:	8 - 11 g/l
Vlugtige suur produksie:	< 0.5 g/l
SO <sub>2</sub> produksie:	geen tot baie laag
Stikstof behoefte:	medium

## FENOTIPE:

- Killer: positief en negatief (moedertenk in plaas van direkte inokulasie sal die gisverhouding in die versnit versteur)
- HCDC: bevorder die vorming van pirano-antosianiene

## DOSIS:

30 g/hl (geen propagering)

## VERPAKKING:

Alchemy IV is vakuümverpak in 1 kg pakke. Stoor in 'n koel (5 - 15°C), droe plek, verseel in die oorspronklike verpakking.